# HOOFSTUK 4

## TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE VAN MUSIEKTERAPIE IN GROEPSVERBAND

### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is reeds vermeld hoe leerprobleme kan ontstaan en ook hoe leerlinge daardeur benadeel kan word. In hoofstuk drie word die moontlikheid dat deur middel van musiekterapie van dié probleme opgeklaar kan word, uiteengesit.

In hierdie hoofstuk word gepoog om aan te toon hoe musiekterapie in groepsverband sommige van die leerprobleme kan verminder of regstel.

Ter inleiding van dié hoofstuk moet weer beklemtoon word dat die doel van terapie in groepsverband veral is om die kinders wat daarby betrek word, 'n kans te gun om:

(i) sekere basiese vaardighede wat nodig is vir toereikende skoolvordering en wat op dié stadium by hulle ontbreek, aan te leer en

(ii) erkenning vir hulle pogings te verkry.

Wedemeyer en Cejka (1971:9) meen dat die aandag wat die leerlinge geniet en die mate van sukses wat hulle ervaar in die beplande aktiwiteite, kan meebring dat negatiewe reaksies wat hulle voorheen ten opsigte van leeraktiwiteite openbaar het, deur positiewe en aanvaarbare gedrag vervang word. Heiberg en Steyn (1982:59) wys daarop dat speletjies en ander aktiwiteite waarby sang betrek word, 'n doeltreffende uitlaatklep vir oortollige energie verskaf, en terselfdertyd leerlinge se waarnemingsvermoë en motoriese koördinasie-vaardighede ontwikkel. Hierby voeg Grové en Hauptfleisch (1982:25) dat gestruktureerde speletjies ordelikheid en dissipline bevorder.

"Zinar noted that often a child who does poorly in regular schoolwork learns to read music, and the child who studies music seems to improve in language. Researchers theorize that perhaps it is the multisensory approach - through movement, eye, ear, and body co-ordination - coupled with the improvement in self-concept that make the difference. It is the whole child who learns" (Bayless en Ramsey, 1978:63-64).

Aangesien in die groepsaktiwiteite soveel klem gelê word op beweging, gegrond op bevredigende motoriek, in 'n poging om die hele kind te betrek, is dit in die terapieprogram raadsaam om eers op die daarstelling van maksimum motoriese vaardigheid by alle leerlinge te konsentreer. Daarna word die aandag op ouditiewe, visuele en ander oorblywende aangeleenthede toegespits. Hierdie volgorde verskil dus van dié in konvensionele aanvangsonderrig in musiek, waar gewoonlik eers aan ouditiewe en daarna aan motories-visuele aangeleenthede aandag geskenk word.

Daarom word in hierdie hoofstuk in dié bepaalde volgorde stilgestaan by die moontlikhede van groepsaktiwiteite ten opsigte van verbetering van motoriese vaardighede, ontwikkeling van perseptuele vermoëns (ouditief en visueel), taalontwikkeling, verwerwing van rekenkundige begrippe en verkryging van sosiale aanpassing. Vaardighede wat met behulp van groepsaktiwiteite in musiekterapie behoort bemeester te kan word, word ook vermeld.

L.W. * Daar moet in ag geneem word dat liedere en aktiwiteite wat in hierdie hoofstuk voorgestel word, nie as die enigste moontlikhede tot 'n bereiking van 'n bepaalde doel beskou word nie.

* Waar frasering by liedere nie in die oorspronklike partiture aangedui was nie, is dit deur die ondersoeker bygevoeg.

* Hierdie aktiwiteite is vir leerlinge met leerprobleme in standerd een bedoel.

* Hierdie voorgestelde aanbieding behoort te volg nadat vasgestel is wat die betrokke leerlinge se probleme is.

## 4.2 ASPEKTE WAT IN AG GENEEM MOET WORD BY DIE KEUSE VAN GESKIKTE LIEDERE VIR GROEPSAKTIWITEITE

### 4.2.1 OMVANG VAN LIEDERE

Die omvang mag nie te wyd wees nie. Ten aanvang kan liedere met vrug net tot die note van die pentatoniese toonleer (d r m s l) beperk word. "Dit bestaan uit die toonleertrappe wat die jong kind van nature die suiwerste intoneer, omdat die pentatoniese toonleer geen halftoon-intervalle bevat nie" (McLachlan, 1975:76). Grové en Hauptfleisch (1982:247) beveel aan dat liedere aanvanklik net op s m en l gebaseer moet word. Daarna kan die omvang tot agt tone uitgebrei word en eers heelwat later na nege of tien tone. Toonsoorte moet aanvanklik so gekies word dat liedere so na as moontlik binne die omvang D tot E



bly (McLachlan, 1975:9).

Chacksfield, Binns en Robins (1975:75) asook Hardesty (1979:7) verkies die omvang van middel-C tot 'n oktaaf of nege note hoër.

### 4.2.2 MELODIE

Die melodie moet eenvouding en natuurlik (verkieslik trapsgewys) verloop. Moeilike intervalle behoort vermy te word en dit behoort ook gemaklik sonder begeleiding gesing te kan word. Lang aangehoue note, vinnige melismas, ingevoegde skuiftekens en modulasie is ongewens (McLachlan, 1975:10).

Herhaling wat in die melodie behoort voor te kom, vergemaklik die aanleer daarvan (Hardesty, 1979:7).

### 4.2.3 RITME

Chacksfield e.a. (1975:75) wys daarop dat kinders 'n goeie ritme wat hulle geniet om te sing, makliker aanleer.

Hardesty (1979:7) voeg hieraan toe dat kinders elk verskillend op ritmes reageer en daarom moet daar ritmiese verskeidenheid in liedere wees.

Verder meld McLachlan (1975:10) dat ritmiese komplikasies, soos lang gehoue note, onverwagte sinkopasie of ongewone verdeling van die pols vermy behoort te word.

### 4.2.4 BEGELEIDING

Chacksfield e.a. (1975:76) verkies onbegeleide sang, sodat die leerlinge hulself kan hoor sing en deur te luister, kan probeer vasstel of hulle reg sing. Dit kan hulle geïnteresseerd maak in die klanke wat hulle voortbring.

Hardesty (1979:7) wys egter daarop dat leerlinge deur 'n eenvoudige begeleiding, gebaseer op enkele akkoorde wat hulle self kan uitvoer en kan beheer, byvoorbeeld op 'n outoharp of slaginstrumente, veel baat kan vind as hulle dit kan baasraak. Dit kan hulle selfvertroue verbeter (vgl. par. 3.9).

### 4.2.5 INHOUD

Hardesty (1979:7-8) beklemtoon dat die inhoud van liedere vir die leerlinge iets moet beteken: dit moet vir hulle relevant wees. Die ouderdom van die leerlinge moet ook in ag geneem word. Hoewel hulle verstandsontwikkeling relatief stadig geskied, moet hulle op sosiale vlak nie onderskat word nie.

### 4.2.6 MOONTLIKHEID VIR BEWEGING

Die liedere moet elk die maksimum moontlikhede vir beweging, wat tot die voordeel van die leerlinge aangewend kan word, bied (Hardesty, 1979:7). Beweging saam met musiek is byvoorbeeld baie belangrik vir die kind se musikale ontwikkeling, asook vir sy algehele fisieke ontwikkeling - veral met betrekking tot spierkoördinasie (Heiberg en Steyn, 1982:22). Hieraan voeg Chacksfield e.a. (1975:98) toe: "Movement concerns the whole child. It helps physical control and self discipline, encourages the development of the mind and spirit and the control and use of the emotions and breaking down self-consciousness".

Crews (1975:9) beklemtoon 'n verdere aspek: "Music can free the child to move in enjoyable, yet organized ways".

Volgens Gelineau (1970:274) beskik beweging oor 'n "ingeboude" motivering vir kinders en daarom lê die taak van die terapeut daarin om die kinders te help om die gebruik van hulle hele liggaam in plaas van slegs dele daarvan te bewerkstellig.

## 4.3 ALGEMENE WENKE BY DIE AANLEER VAN LIEDERE EN TOEPASSING VAN GROEPSAKTIWITEITE

Om sukses in die aanbieding van die groepsaktiwiteite te waarborg, is die volgende wenke onontbeerlik:

4.3.1 Handhaaf die werkstempo van die leerlinge. Hulle sal self die pas in ooreenstemming met hulle vermoë bepaal (Hardesty, 1979:14).

4.3.2 Moenie die leerlinge kritiseer of afkeur in hulle pogings toon nie. Dit sal hulle selfbeeld skaad (Hardesty, 1979:12). Prys en bemoedig die leerlinge egter by die geringste teken van verbetering (Gelineau, 1970:9).

4.3.3 Onthou dat gesigsuitdrukking, stemtoon en liggaamsbeweging die leerlinge se pogings tydens die lesse direk beïnvloed, aangesien dit 'n baie groot indruk op hulle maak (Hardesty, 1979:13).

4.3.4 Probeer alle aktiwiteit by die spesifieke behoeftes van die betrokke leerlinge aanpas. "The teacher must watch, listen, and try to evaluate and provide from the child's perspective and needs" (Hardesty, 1979:14).

4.3.5 Probeer vasstel waar die probleem lê, indien 'n leerling nie 'n wysie kan regkry nie. Die moontlikheid bestaan dat die fout of tekortkoming by die aanbieder kan wees, maar dit mag ook wees dat die kind nog nie geleer het om te luister na die melodie wat hy moet probeer weergee nie. Om 'n leerling hiermee te help, kan bekende geluide in die omgewing eers korrek nageboots word (Aronoff, 1969:64).

4.3.6 Moedig leerlinge aan om te sing, en om volle aandag te gee aan die musiek wat uitgevoer word (Gelineau, 1970:9).

4.3.7 Plaas 'n leerling wat baie sukkel naby 'n ander leerling wat goed regkom of probeer om die leerling individueel te help (Gelineau, 1970:9-10).

4.3.8 Hou sang sag en gee aandag aan korrekte woorduitspraak en asemhaling (Gelineau, 1970:9).

4.3.9 Voer verkieslik beweging in groepsaktiwiteite in 'n kring uit. "Through the circle, the children become aware of themselves in space and of their responsibility and unique contribution to the whole group, because the circle elicits a flowing warmth, security, and wholeness" (Barlin, 1979:110). Hierby voeg Bayless en Ramsey (1978:73) dat aktiwiteite

wat in 'n kring uitgevoer word die neiging om deelname in groepsverband aan te wakker, openbaar.

## 4.4 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE TEN OPSIGTE VAN MOTORIESE VAARDIGHEDE

Daar bestaan by sommige mense die opvatting dat musiek (beluistering sowel as beoefening) bloot 'n ontspanningsmedium is. Crews (1975:9) wys daarop dat dit wel waar is dat musiek ontspannende waarde het, maar dat dit oor veel meer moontlikhede beskik: "... let us also recognize what music can do to 'put children together' even as far as helping them with muscular control and therefore with learning".

### 4.4.1 GROWWE MOTORIESE VAARDIGHEDE

#### 4.4.1.1 Liggaamsbeeld

Ter versterking van die eie liggaamsbeeld kan die onderstaande liedere in 'n groep gesing word. Terwyl die liedere gesing word, behoort die voorgestelde liggaamsbewegings (soos by elke lied aangebring) telkens deur alle leerlinge in die groep uitgevoer te word, ter belewing en dus beklemtoning van die betekenis van die woorde wat gesing word.

Die eerste twee liedere is eenvoudig en op die pentatoniese toonreeks gebaseer. Die daaropvolgende liedere is moeiliker en sal later, namate die leerlinge vordering toon, aangeleer word. Waar meer as een lied by elke volgende onderafdeling verskaf word, is dieselfde beginsel van toepassing.

LIED NO. 1 WYSLIEDJIE




2. Dit is my be-ne, dit is my be-ne, loop, loop, loop, loop,
be-ne kan loop.
3. Dit is my han-de, dit is my han-de, klap, klap, klap, klap,
han-de kan klap.
4. Dit is my a-rms, dit is my a-rms, swaai, swaai, swaai, swaai,
a-rms kan swaai.
5. Dit is my kop-pie, dit is my kop-pie, knik, knik, knik, knik,
kop-pie kan knik.
6. Dit is my o-re, dit is my o-re, hoor, hoor, hoor, hoor,
o-re kan hoor.
7. Dit is my o-ë, dit is my o-ë, kyk, kyk, kyk, kyk,
o-ë kan kyk.
8. Dit is my mond-jie, dit is my mond-jie, hap, hap, hap, hap,
mond-jie kan hap.

Opmerking: Beweeg telkens die liggaamsdeel waarvan gesing word. Doen eers net een of twee strofes en brei geleidelik na al agt strofes uit.

LIED NO. 2 TWEE KLEIN HANDJIES OM MEE TE WERK




2. *Twee klein voet-jies om mee te loop - Om my ma se goed te koop.*
3. *Twee klein o-gies om mee te kyk - Hoe-dat Mammie my kleertjies stryk.*
4. *Twee klein oor-tjies om mee te hoor - As Pappie sê ek moenie stoor.*

Opmerking: Voer weer, soos by die eerste lied, gepaste liggaamsbewegings uit terwyl die liedjie gesing word.

LIED NO. 3 VOETE, KOPPE, HANDE (*Pienaar*, 1977:19)





2. *Loop op jou tone, loop op jou tone: Loop baie saggies, moenie raas nie; Loop op jou tone.*
3. *Knik met jou koppie, knik met jou koppie: Maak toe jou oë, vryf jou ore; Knik met jou koppie.*

4. *Klap met jou hande, klap met jou hande; Wys met jou vingers, maak 'n vuisie; Klap met jou hande.*

Opmerking: Soos by die eerste twee liedere.


LIED NO: 4 KOM ONS SWAAI (Pienaar, 1977:22)




2. *Vou jou arm-pies, kom ons wieg .......*
3. *Waai jou vlaggie heen en weer ........*
4. *Swaai jou serpie heen en weer ........*
5. *Windjie laat die grassies buig .......*


Opmerking: Soos by lied no. 1, 2 en 3.

*LIED NO. 5* *TWEE KLEIN HANDJIES (Oosthuizen, 1979:11)*




Opmerking: Lied 5 en 6: Voer weer liggaamsbewegings uit terwyl die liedere gesing word.

LIED NO. 6 ALLES HET 'n TAAK (*Pienaar en Malan*, (bk.1), 1975:29)



LIED NO. 7 DANSLIEDJIE (Lamprecht In Hartman, 1979:437)




2. *Hakke, tone, kap, kap, kap! Handjies same klap, klap, klap.*
*Polka hier, polka daar, Hop-sa-sa, die dans is klaar.*

Eers behoort die lied aangeleer en gesing te word. Daarna kan die volgende speletjie gespeel word:

Leerlinge vorm 'n dubbelkring met gesigte na mekaar toe.


Mate 1-2: Steek regterhande uitnodigend na mekaar toe uit.
Mate 3-4: Leerlinge sit albei hande in sye.
Mate 5-8: Volg woorde en voer die bewegings uit.

Ook die tweede strofe kan met behulp van dieselfde opstelling beleef word.

#### 4.4.1.2 Links-regsoriëntasie

Om die leerlinge deurentyd bewus te hou van die woorde wat hulle sing, word weer aan die hand gedoen dat hulle met hulle liggame meedoen terwyl hulle sing.

*LIED NO. 8* *LINKS EN REGS*




Opmerking: Die links-regsbeweging kan een keer met die voete, die volgende keer met die hande en nog 'n keer met die kop uitgevoer word. Die terapeut moet toesien dat elke leerling reg wys, anders kan hierdie oefening juis verwarring by hulle bewerkstellig.

*LIED NO. 9* *TAFELDEK*




Opmerking: Terwyl die leerlinge saamsing, dek hulle voor hulle 'n denkbeeldige tafel. Elke leerling moet een beurt kry om in die klas voor die ander leerlinge met 'n regte mes, vurk en lepel 'n plek by 'n tafel te dek.

*LIED NO. 10* *RONDOMTALIE (Lamprecht, 1975:7)*

L.W. Woorde is aangepas vir terapie.




2. *Swaai die handjies eers links dan regs ...*

Opmerking: Voer liggaamsbewegings uit in ooreenstemming met die woorde wat gesing word. Leerlinge kan soos by lied no. 7 weer in 'n kring beweeg en op die laaste twee mate in pare tiekiedraai.

## 4.4.2 FYN MOTORIESE VAARDIGHEDE

Fyn spierbeheer en oog-handkoördinasie

Die bespeling van slagorkesinstrumente word vir die ontwikkeling van fyn spierbeheer en oog-handkoördinasie aanbeveel.

Aanvanklik behoort slegs ritmiese instrumente gebruik te word, soos aangedui in lied no. 11. Daarna kan tot die speel van melodiese slaginstrumente, wat beslis meer spierbeheer en dus fyner individuele vaardigheid van 'n leerling vereis, oorgegaan word.

Uitstekende liedere geskik vir hierdie doel kan gevind word in 'n reeks van drie boeke, uitgegee deur Rykie Pienaar en Pierre Malan: *SING SAAM SPEEL SAAM*.

Die voorbeeld wat hier gegee word, is slegs vir ritmiese slagwerk (kyk volgende twee bladsye).

*LIED NO. 11* TANNIE MET DIE LANG ROK (*Pienaar en Malan,* (*bk.1*), *1975:34-35*)

# TANNIE MET DIE LANG ROK

(Pienaar en Malan, bk. 1, 1975:34-35)




R
K
T
skêr, bring 'n skêr om dit af te sny.
Snip snip snip snip snip snip sny skêr-tjie sny,
Snip snip snip snip om dit kor - ter te kry!

## 4.5 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE TEN OPSIGTE VAN PERSEPTUELE VERMOëNS

Die belangrikheid van die ontwikkeling van perseptuele vermoëns word deur Wedemeyer en Cejka (1975:17) beklemtoon: "Development of basic perceptual skills is essential to success in academic areas and other learning tasks". Crews (1975:10) meld voorts: "It is a well-known fact that perceptual-motor skills are necessary for children to learn in many areas".

Chacksfield e.a. (1975:91) meen dat "... activities involving shape, movement and music sharpen the children's perception". Hy neem hierdie standpunt in, aangesien deur hom bevind is dat kinders wat bewegings met hulle liggame of instrumente uitgevoer het, 'n beter begrip van sekere woorde kon vorm en dat hulle in staat was om met meer begrip te skryf. Voorbeelde van sulke woorde was *stil* en *hard*.

Hieraan voeg Banas en Wills (1977(2):145) toe: "Poor auditory discrimination is related to poor achievement in reading and spelling in which instruction begins from the age of four or five upward, ready or not".

Musiekgroepsaktiwiteite moet juis aangewend word om die tekortkominge wat by 'n leerling mag ontstaan of bestaan, uit die weg te ruim.

### 4.5.1 OUDITIEWE VERMOëNS (vgl. par. 3.8.3.3)

Grové en Hauptfleisch (1982:29) beklemtoon die belangrikheid van gehoor by die aanleer van leesvaardigheid. Bekende klanke moet herken, onderskei en onthou kan word.

Aldus Birkenshaw (1977:27) behoort luisteraktiwiteite in die volgende drie opeenvolgende fases verdeel te word: eers moet leerlinge van klanke bewus gemaak word. Daarna

moet hulle geleer word om die klanke van mekaar te onderskei en eers dan behoort klanke nå mekaar onthou te kan word.

4.5.1.1 Bewustheid van geluid en klank

*Aktiwiteit A*: Die terapeut speel die volgende note (Lied no. 12, p.100) op 'n klavier voor. Net die ritme alleen kan as alternatiewe moontlikheid met behulp van 'n handtrom of tamboeryn aangedui word. Die leerlinge moet hulle hande in die lug opsteek wanneer hulle klank hoor en die hande laat sak wanneer geen klank gehoor word nie.

*LIED NO. 12* *HOOR! HOOR!*




*Aktiwiteit B*: Leerlinge beweeg om kussings wat in 'n kring op die vloer gepak is. Daar moet altyd een kussing minder wees as die aantal leerlinge wat speel. Terwyl rustige musiek voorgespeel word, beweeg die leerlinge buite-om die kussings. Sodra die musiek ophou (nie noodwendig aan die einde van 'n frase nie), moet elkeen op 'n kussing gaan sit. Die een wat nie 'n sitplek kry nie, val uit. Verwyder elke keer een kussing, totdat net een leerling die speletjie wen. Die leerlinge moet dus baie fyn luister wanneer die musiek ophou, sodat hulle betyds 'n kussing kan vind.

4.5.1.2 Ouditiewe diskriminasie

Om ouditiewe diskriminasie te bevorder, kan die volgende aktiwiteite beoefen word:


*Aktiwiteit A*: Geluide wat aan leerlinge bekend behoort te wees, byvoorbeeld 'n wasmasjien wat was, 'n motor wat wegtrek, 'n radio wat speel, die lui van 'n telefoon of deurklokkie, voetstappe en 'n hond wat blaf, word op band vasgelê. Dit word in die klas voorgespeel en hulle moet dit dan identifiseer bloot deur daarna te luister (Gelineau, 1970:286). Later kan hulle selfs probeer om die geluide wat hulle gehoor het, in beweging voor te stel om hulle kreatiwiteit te prikkel.

*Aktiwiteit B*: Twee verskillende leerlinge ontvang elk 'n stel van vier tot ses ondeursigtige houers. Elke houer in die stel bevat 'n ander inhoud, byvoorbeeld klippies, meel, muntstukke, lappies of 'n vloeistof. Die twee stelle moet identies wees. Die eerste leerling skud een houer, waarop die tweede leerling die houer uit sy stel moet vind wat die ooreenstemmende klank voortbring wanneer hy dit skud. Sodra al die ooreenstemmende houers gevind is, word hulle aan twee ander leerlinge oorhandig wat die speletjie herhaal (Gewysigde idee van Wedemeyer en Cejka, 1971:32).

*Aktiwiteit C*: Alledaagse artikels soos lepels, muntstukke en koppies en pierings, word in 'n kas voor in die klas geplaas. Die terapeut haal die artikels uit en maak 'n geluid daarmee deur dit te skud of liggies teen mekaar te stamp, sonder dat die leerlinge dit kan sien. Hulle moet raai wat hulle gehoor het. Dit sal raadsaam wees om artikels soms met ander te vervang om verveling te voorkom (Ward, s.a.:8).

*Aktiwiteit D*: Die volgende lied *ONS ORKES*, kan hier met sukses aangeleer word:

*LIED NO. 13* *ONS ORKES (Pienaar, 1977:23)*




2. *Die klokkies speel so tieng-tieng-tieng* (die res, mate vyf tot agt, soos strofe een).

3. *Die stokkies speel so tik-tik-tik* (die res, mate vyf tot agt, soos strofe een).

Terwyl almal saamsing, kan by mate ses en agt met d hande harder en sagter geklap word na aanleiding va... woorde van die lied.

Aan drie leerlinge kan onderskeidelik 'n handtrom met slaner, klokkies en ritmestokkies gegee word. Terwyl die terapeut die verskillende instrumente elke keer in die voorsing van die lied noem, moet die betrokke leerling op die instrument in sy besit in maat twee, vier en die laaste drie mate speel. Indien meer instrumente van dieselfde soort beskikbaar is, kan meer as een leerling dieselfde soort instrument op 'n keer ontvang en kan meer leerlinge dus gelyktydig deelneem. Die res van die groep kan terwyl hulle sing maak of hulle speel, hoewel hulle nie self instrumente het nie. Elke leerling moet 'n kans kry om 'n instrument te bespeel.

4.5.1.3 Ouditiewe geheue (opeenvolging van klanke)

Die eerste en derde speletjie genoem in paragraaf 4.5.1.2 kan gespeel word, maar twee verskillende geluide kan na mekaar gemaak word, wat die leerlinge agtermekaar moet identifiseer en onthou. Dit kan later selfs uitgebrei word na drie verskillende geluide na mekaar namate hulle vermoë om te onthou verbeter.

Daar bestaan uiters geskikte luistermateriaal in musiek ten opsigte van ouditiewe aspekte byvoorbeeld "Pieter en die wolf" van Prokofiev, waar 'n storie in musiek uitgebeeld word. Verskillende instrumente stel verskillende karakters voor (fluit - voëltjie, klarinet - kat). Daar is ook "Karnaval van die diere" van Saint-Saens waar dieregeluide deur verskillende instrumente nageboots word (donkie - viool). Daar bestaan ook 'n plaatopname vir jong kinders: "Leer om te luister", deur Rykie Pienaar, wat kontraste in musiek baie effektief uitbeeld (Alleenverspreiders : Bladmusik, Pretoria).

Die gevaar bestaan egter dat leerlinge reeds óf in pre-primêre skool óf in die musiekperiodes van die primêre skool hiermee kennis gemaak het en dat hulle nie meer daarin sal belangstel nie. Indien vasgestel word dat leerlinge dit nie ken nie, kan dit met vrug in musiekterapie aangewend word.

### 4.5.2 VISUELE VERMOëNS

#### 4.5.2.1 Visuele diskriminasie

*Kleuronderskeiding*

Terwyl die volgende lied gesing word, beweeg kinders in 'n kring. Ten aanvang word aan verskillende kinders kartonne van verskillende kleure gegee. Sodra die liedjie klaar gesing is, noem die terapeut 'n kleur. Al die kinders met kartonne van dié spesifieke kleur, hou hulle kartonne omhoog. Begin eers net met twee kleure, byvoorbeeld rooi en wit. Elke keer as dié speletjie gespeel word, kan nuwe kleure bygevoeg word.

Later kan gekleurde kartonne uitgereik word, waarop die kleur se naam in duidelik leesbare letters geskryf staan. Wanneer die kleur genoem word, kan die hele klas die kleur se naam uitspel. Hierdeur word die letters ook visueel onderskei.

LIED NO. 14 AL DIE KLEURE



Soortgelyke speletjies kan met syfers en letters gespeel word. Prente van diere en gebruiksartikels uit die kind se daaglikse lewe kan ook geïmplementeer en mettertyd uitgebrei word na minder bekende dinge waarmee die kind hier vir die eerste keer kennis maak.

#### 4.5.2.2 Visuele geheue

Nadat die speletjie in paragraaf 4.5.2.1 gespeel is, kan kinders gevra word om neer te skryf waarvan hulle gesing het, byvoorbeeld kleurname. Leerlinge kan ook gevra word om die voorkoms van iets waarvan hulle gesing het te beskryf; met ander woorde hulle moet wat hulle vantevore gesien het, terugroep.

## 4.6 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE TEN OPSIGTE VAN TAALONTWIKKELING

### 4.6.1 WOORDESKATUITBREIDING

#### 4.6.1.1 Aanleer van nuwe liedere

Heiberg en Steyn (1982:59) beklemtoon die feit dat 'n kind se taalontwikkeling grootliks deur sangaktiwiteite bevorder word. Daar behoort byvoorbeeld nooit uit die oog verloor te word dat nuwe liedere wat kinders leer sing, een of meer onbekende woorde wat hulle nou kan leer ken, mag bevat nie. Die betekenis kan aan hulle verduidelik word en hulle beleef ook die sinsverband waarin dit gebruik word. Dit is uiters noodsaaklik dat sorg gedra word dat leerlinge alle woorde se betekenisse in die liedere wat hulle sing, ken.

#### 4.6.1.2 Sinne maak

Laat leerlinge in 'n kring op die mat sit. Gee aan elkeen materiaalhouers met verskillende artikels binne-in, byvoorbeeld 'n knoop, 'n karretjie, 'n albaster of lekkergoed.

Enige rustige musiek word voorgespeel, terwyl die kinders die houers na regs aangee. Wanneer die musiek ophou, hou elke leerling een houer in sy besit, wat hy nou mag oopmaak en daarna moet hy 'n sin na aanleiding van die inhoud daarvan maak. Wanneer die musiek weer begin speel, word die houers soos voorheen aangestuur en moet die leerlinge wat dieselfde artikels nou "ontdek", 'n ander sin daaroor maak. Artikels in die houers moet verkieslik dikwels omgeruil word om verveling te voorkom (Wedemeyer en Cejka, 1971:21).

### 4.6.2 AANWENDING VAN PROSA OF POëSIE IN TERAPIE

Vertel 'n verhaal of dra 'n gedig aan die leerlinge voor. Dit mag 'n keer herhaal word. Daarna word van hulle verwag om klanke uit die verhaal of die gedig op slaginstrumente weer te gee en ook bewegings, waarna verwys is, na te boots. Hulle moet met ander woorde die verhaal of die gedig in klank en beweging weergee.

Kontraste met betrekking tot klanke en bewegings is belangrik en moet beklemtoon word. Afwisseling van bewegings en klanke is noodsaaklik want daardeur kan byvoorbeeld aan veranderende gevoelens uiting gegee word. Variasie in die intensiteit van klanke kan ook gebruik word om verskillende afstande te simboliseer.

Verskillende musiekinstrumente kan gebruik word om verskeie dinge na te boots, waarvan menslike voetstappe en dierlike geluide as voorbeelde kan dien.

Vooraf behoort aan elke leerling verduidelik te word wat van hom verwag sal word. Laat elke leerling eers probeer om die instrument wat in sy besit is só te gebruik, dat die geluid wat hy moet kan naboots wel herkenbaar en aanvaarbaar sal wees, voordat van hom verwag sal word om te reageer. Indien hy nie self in staat is om die instrument so te gebruik dat 'n aanvaarbare geluid voorgestel kan word

nie, behoort hulp aan hom verleen te word.

Naas die leerlinge wat die instrumente ontvang het, kan ander leerlinge ook aangewys word om die bewegings van die verskillende mense en diere na te maak. Probeer om aan elke leerling in die groep 'n opdrag te gee.

*ASPEKTE WAT HIERDEUR BEVOORDEEL WORD*

* Leerlinge kry die geleentheid om na die verhaal/gedig te luister en kan daardeur moontlik hulle woordeskat uitbrei, indien hulle onbekende woorde hierdeur leer gebruik.

* Leerlinge se aandagskonsentrasie kan verhoog word deurdat hulle weet dat hulle by die weergawe van die verhaal/gedig wat na die vertelling gaan volg, betrokke is.

* Leerlinge se kreatiwiteit word aangewakker deur hulle eie pogings om die geluide en bewegings na te maak.

* Kontraste word beklemtoon en dit bied die leerlinge geleentheid om te leer luister. Sulke kontraste is byvoorbeeld:
  Geluid - stilte
  Hoog - laag
  Hard - sag
  Vinnig - stadig.

* Leerlinge word die geleentheid vir beweging gebied.

* Ouditiewe diskriminasie en geheue word bevorder deurdat die leerlinge aangemoedig word om beter te luister.


## 4.7 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE VERWERWING VAN REKENKUNDIGE BEGRIPPE

Leerprobleme ten opsigte van Wiskunde kom dikwels voor, hoewel hierdie probleme maklik daar gelaat word, terwyl lees- en ander probleme oorbeklemtoon word (Johnson en Morasky, 1980:137).

### 4.7.1 SING VAN TELRYMPIES

Die volgende telrympies kan aangeleer en gesing word:


*LIED NO. 15* *KOM TEL SAAM!*




Later kan leerlinge voorsien word van kaarte waarop die getal aan albei kante aangebring is. Dit word omhoog gehou in volgorde van een tot tien, terwyl die leerlinge in twee rye opgestel, met hulle gesigte binne leesafstand na mekaar toe, die liedjie sing. Wanneer die een ry die kaarte wys, kan die ander ry dit lees. Na 'n ruk ruil die leerlinge posisies om, ook ten opsigte van rye.

Die voordeel van so 'n speletjie is dat die leerling, terwyl hy 'n getal vashou, dit ook sien en daarop moet konsentreer wanneer sý getal aan die beurt kom, sodat hy dit betyds kan vertoon. Die ander ry kinders sonder kaarte sien die reeks syfers na mekaar in die eerste ry verskyn terwyl elke syfer se naam hard saamgesing - dus beleef - word.

LIED NO. 16 WAAR IS MARIE




Opmerking: By die sing van hierdie liedjie kan sigbaar op die vingers van een tot tien getel word.

## 4.7.2 BELEWING VAN VORMS

### 4.7.2.1 Basiese vorms

Trek sirkels, driehoeke, reghoeke en vierkante met kryt op die vloer of op groot velle papier, indien op 'n mat gewerk word. Terwyl die terapeut op 'n tamboeryn tydhou, loop die leerlinge op die buitelyne, terwyl hulle hardop sê: "Ons sien 'n sirkel of driehoek" of wat van toepassing is. Hulle beleef dan werklik die vorms. Die leerlinge kan ook versoek word om elke vorm wat so beleef is, op 'n papier te gaan natrek. Hier is sprake van visuele geheue (Gewysigde idee van Crews, 1975:35).

### 4.7.2.2 Stervorming

Sodra leerlinge reeds 'n goeie begrip van bogenoemde vorms het, kan die volgende aangepak word:

STAP 1: Laat tien leerlinge, vyf seuns en vyf dogters alternatiewelik gerangskik, 'n kring met hulle ge-

sigte na binne vorm. Merk vooraf die tien plekke sodat hulle goed gespasieer is.

STAP 2: Die terapeut slaan vyf keer op 'n handtrom terwyl die dogters elk met vyf treë na binne beweeg. Die seuns staan stil.

STAP 3: Die seuns trek nou met kryt 'n reguit lyn van sy posisie na elk van die twee dogters se nuwe posisies toe.

STAP 4: Op maat wat die terapeut op die handtrom aandui, beweeg die dogters weer vyf treë terug na hulle oorspronklike posisies. Die ster behoort nou in die kring geteken te wees.

STAP 5: Al die leerlinge kan nou in een rigting op die ster se patroon beweeg soos reeds met die ander vorms gedoen is.

'n Nuwe lied wat oor 'n ster handel, kan ook nou aangeleer word (Gewysigde idee van Crews, 1975:40).

## 4.8 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE TEN OPSIGTE VAN SOSIALE AANPASSING


### 4.8.1 DEELNAME AAN GROEPSAKTIWITEITE

Deelname van leerlinge aan groepsaktiwiteite werk gewoonlik ten goede mee en bied 'n gunstige aanpassingsmoontlikheid by ander groepsaktiwiteite in die skoollewe (vgl. par. 4.3.9).

### 4.8.2 DAAGLIKSE GEWOONTES

Daaglikse gewoontes kan deur die sing van liedere en belewing deur gepaste liggaamsbeweging ingeskerp word.

LIED NO. 17 SO BLY EK GESOND (*Oosthuizen, 1979:15*)



*LIED NO. 18 GEBEDJIE (Pienaar, 1977:9)*




Opmerking: By die sing van hierdie gebedjie behoort klem veral op die gewyde atmosfeer te val.

## 4.9 VAARDIGHEDE EN ANDER MOONTLIKHEDE WAT MET BEHULP VAN GROEPSAKTIWITEITE IN MUSIEKTERAPIE BEMEESTER KAN WORD

### 4.9.1 OP AKADEMIESE VLAK

Leerlinge word die geleentheid gebied om die essensiële vaardighede waaroor hulle nog nie beskik nie, ten opsigte van die volgende te bemeester:

4.9.1.1 Motoriese vaardighede

* Liggaamsoriëntasie: verbeter liggaamsbeeld met die oog op beter skrif.
* Links-regsoriëntasie: verbeter lateraliteitsbegrip vir beter skrif.
* Fyn spierbeheer: verbeter skrif.
* Oog-handkoördinasie: verbeter skrif.

4.9.1.2 Ouditiewe vaardighede

* Ouditiewe diskriminasie: verbeter spelling en lees.
* Ouditiewe geheue: verbeter spelling, lees en rekenvaardigheid.

4.9.1.3 Visuele vaardighede

* Visuele diskriminasie: verbeter skrif, spelling, lees en rekenvaardigheid.
* Visuele geheue: verbeter skrif, spelling, lees en rekenvaardigheid.

4.9.1.4 Taalontwikkeling

* Woordeskatuitbreiding }
* Maak van sinne } : help taalontwikkeling aan.

4.9.1.5 Verwerwing van rekenkundige begrippe

* Sing van telrympies }
* Belewing van vorms } : versterk begrippe wat uiters noodsaaklik vir rekenvaardigheid is.

4.9.2 OP SOSIALE VLAK

4.9.2.1 Inskakeling by ander leerlinge

Deelname in groepsverband help die kind by sy klasgroep inskakel.

4.9.2.2 Emosionele Probleme

Deelname aan georganiseerde musiekaktiwiteite bied aan kinders met emosionele probleme, wat ontoereikend kommunikeer en as gevolg daarvan moontlik swak gedrag openbaar, die moontlikheid om in groepsverband te kommunikeer en sodoende hulle gedrag te verbeter.

4.9.3 OP PERSOONLIKE VLAK

4.9.3.1 Selfbeeld

Aktiwiteite word so beplan dat leerlinge dit kan bemeester en sukses ervaar, wat hulle selfbeeld positief beïnvloed.

4.9.3.2 Deursettingsvermoë

Die feit dat leerlinge die werk kan bemeester en hulle deurgaans aangemoedig word om hulle aandag by die werk te bepaal, verskaf die nodige motivering dat hulle nie gou moed opgee nie, maar opdragte ter verbetering van deursettingsvermoë voltooi.

4.9.3.3 Hiperaktiwiteit

Leerlinge wat neig tot hiperaktiwiteit, word die geleentheid gebied om terwyl hulle beweeg, te kan leer.

4.9.3.4 Tydsfaktor

Elke leerling kry genoeg tyd om leermateriaal, wat ingeskerp word teen sy eie werktempo en gebruik word ter verkryging van vaardighede, te bemeester.

4.9.3.5 Linkshandiges

Linkshandige leerlinge kry die geleentheid om ten volle aan aktiwiteite te kan meedoen, byvoorbeeld in die hante-

ring van slaginstrumente. Hierdie instrumente is nie spesifiek vir regs- of linkshandiges ontwerp nie. Skryfgereedskap, wat hulle elke dag hanteer, is juis vir regshandiges ontwerp en linkshandiges vind dit moeilik om dit teen dieselfde spoed en met dieselfde mate van netheid as regshandiges te hanteer.

4.9.3.6 Persewerasie

Volgehoue deelname met aandag, die insluiting van liggaamsbeweging en die betrekking van soveel moontlike sintuie, behoort persewerasie te kan teëwerk.

4.9.3.7 Inskerping van daaglikse gewoontes

Die sing van liedere maak hulle aan daaglikse roetine gewoond.

4.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die toepassingsmoontlikhede van musiekterapie in groepsverband uiteengesit.

Ten aanvang is aspekte, wat in ag geneem moet word by die keuse van geskikte liedere vir groepsaktiwiteite, toegelig.

Daarna is algemene wenke by die aanleer van liedere en groepsaktiwiteite aan die hand gedoen.

Voorgestelde aktiwiteite rakende motoriese vaardighede, perseptuele vermoëns, taalontwikkeling, verwerwing van rekenkundige begrippe en sosiale aanpassing is omskryf, waarna ook stilgestaan is by vaardighede en ander moontlikhede wat met behulp van groepsaktiwiteite in musiekterapie bemeester kan word.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek ter bepaling van die waarde van individuele terapie (klavieronderrig) beskryf.